



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Wat is in die boks? deur Anna Emm

Toe die reuse vragmotor in die straat stop, hardloop Pieter dadelik uit om te gaan kyk. Twee mans klim uit, maak die agterkant oop, en laai 'n reuse groot boks uit die vragmotor. Die boks is baie swaar. Hulle sit dit op die sypaadjie neer en ry weer weg.

Pieter loer na die boks. Wat op aarde kan daarin wees? Hy stap 'n bietjie nader om te gaan kyk.

"Wat is in die boks?" vra Annabel, die dogtertjie wat langs Pieter-hulle woon.

"Ek dink dit is 'n olifant," sê Pieter. "Dit klink soos 'n olifant en dit ruik soos 'n olifant."

"Moenie laf wees nie!" sê Annabel vies. "Wie sal nou 'n olifant in 'n boks sit?" Sy wip haar op en stap vies weg.

"Wat is in die boks?" vra 'n tannie wat op die sypaadjie verbystap.

"Ek dink dis 'n olifant," sê Pieter. "Daar het netnou 'n olifant-slurpie by die gat uit gesteek."

Die tannie lag en skud haar kop. "Jy is mos nou laf," sê sy en stap weg. "Wie op aarde sal nou 'n olifant in 'n boks sit?"

"Haai, wat is in die groot boks op die sypaadjie?" vra Pieter se pappa toe hy by die huis kom.

"Ek dink dis 'n olifant," sê Pieter. "Dis al wat dit kan wees."

"Regtig?" vra Pieter se pappa. "Maar kom ons gaan kyk!"

Pieter en sy pappa stap uit na waar die yslike boks nogsteeds op die sypaadjie staan. Hulle kan dit nie oplig nie, want dis te swaar. Hulle loer by die gat in, maar dis donker binne in die boks en hulle sien niks. Daar is nie 'n naam op die boks nie. Dit staan net daar.

"Hoe vreemd..." sê Pieter se pappa.

Net toe kom 'n snaakse kar aangery. Dit stop reg voor die boks, en 'n man met snaakse klere aan klim uit. "Dankie tog ek het dit gekry!" roep hy uit en slaan sy hande saam. "Ek is die seremonie-meester van die sirkus op die dorp, en ons soek al die hele dag lank na ons olifant! Hulle het hom op die verkeerde plek afgelaai. Dankie dat julle hom vir my opgepas het. Dalk wil julle dalk vanaand na die sirkus kom kyk? Ek kan vir julle gratis kaartjies gee om dankie te sê."

Natuurlik wil Pieter en sy pappa na die sirkus gaan kyk!

"Ek het mos gesê dis 'n olifant!" roep Pieter bly uit. "En ek was reg!"

"Natuurlik was jy reg," glimlag Pieter se pappa. "Kom, ons gaan maak vir ons reg om te gaan. Die sirkus begin al amper, en ek wil darem graag sien hoe daardie olifant lyk!"

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

Gratis inkleurprentjie

# Wat is in die boks? illustrasie deur Anna Emm

